Ammonoidea

in Wikipedia, die vrye ensiklopedie

Ammoniete (Ammonoidea) is ’n uitgestorwe onderklas van die Cephalopoda (inkvisse). Hulle was seediere wat wêreldwyd in die Laat Paleosoïkum en die hele Mesosoïkum in groot getalle voorgekom het.

Ammoniete het ’n vlak, spiraalvormige skulp gehad wat opgebou was uit verskillende kamers. Telkens wanneer die dier te groot geword het vir die huidige kamer, is ’n nuwe, groter een gevorm. Hulle het in dié buitenste kamer geleef en die ander, ouer kamers gebruik om vertikaal te beweeg.

Die diere het in honderde soorte en variëteite voorgekom. Hul deursnee het gewissel van minder as ’n sentimeter tot meer as 2,5 meter. Die laaste lewende verwante is die Nautilidae.

Ammoniet

Tydperk: 400–66 m. jaar gelede

Pre Є Є O S D C P T J K PgN

Devoon – Kryt

’n Kunstenaarsvoorstelling van *Asteroceras*.

Wetenskaplike klassifikasie

Koninkryk:	Animalia
Filum:	Mollusca
Klas:	†**Ammonoidea**

Voorkoms

Ammoniete het die eerste keer in die Laat Siluur hul verskyning gemaak, die Perm-Trias-uitwissing oorleef en in die Mesosoïkum gefloreer. Aan die einde van dié periode (65 miljoen jaar gelede) het die meeste ammoniete uitgesterf, nes die dinosourusse. Die jongste bekende fossiel kom uit Denemarke en behoort tot *Hoploscaphites constrictus*, wat nog tot sowat ’n half- tot een miljoen jaar gelede voorgekom het. Dié klein bevolkings was egter te min om die ammoniete van ondergang te red.

Indeling

Die klassifikasie is gebaseer op die detail en struktuur van hul skulp:

- Ordes
  - Goniatida (Devoon tot Perm)
  - Ceratida (Karboon tot Trias)
  - Ammonitida (Perm tot Kryt)
- Subordes
  - Ancyloceratina (Laat Jura tot Laat Kryt; heteromorfe ammoniete)
  - Anarcestina (Devoon)
  - Clymeniina (Laat Devoon)
  - Goniatitina (Devoon tot Laat Perm)

Sommige ammoniete het reusagtig geword.

- Prolecanitina (Laat Devoon tot Laat Trias)
- Ceratitina (Perm tot Trias)
- Phylloceratina (Vroeë Trias tot Laat Kryt)
- Lytoceratina (Vroeë Jura tot Laat Kryt)
- Ammonitina (Vroeë Jura tot Laat Kryt)

Normdata	LCCN: sh85004552 (https://id.loc.gov/authorities/subjects/sh85004552) · NDL: 00576958 (https://id.ndl.go.jp/auth/ndlna/00576958)

Ontsluit van "https://af.wikipedia.org/w/index.php?title=Ammonoidea&oldid=1779226"

Die bladsy is laas op 6 September 2018 om 15:04 bygewerk.

Die teks is beskikbaar onder die lisensie Creative Commons Erkenning-Insgelyks Deel. Aanvullende voorwaardes kan moontlik ook van toepassing wees. Sien die Algemene Voorwaardes vir meer inligting.